Langlewendheid

deur Lodewyk Buckle

Vyf, vier, drie, twee, een voorspoedige jaar 3012. Lodewyk Buckle word die jaar ’n duisend jaar oud. Hy is tans die oudste mens op die planeet.

Wat is Lodewyk se geheim? Lodewyk het in die jaar 2021 ’n nuwe denkrigting ingeneem en besluit om ’n genesing vir veroudering te vind sodat hy langlewendheid kan ontdek. Die idee het posgevat nadat hy sy geliefde oupa en naamgenoot aan Covid-19 verloor het. Die Buckle gesin het die Twee Oseane Akwarium besoek om hulle verlies te verwerk. Lodewyk het daar opgemerk dat Jellievisse baie lank lewe en dit het hom ’n plan gegee. Hy het ’n geheime laboratorium gebou in sy oupa se motorhuis en jellievisse by die see gevang en in bottels aangehou. Lodewyk het die jellievisse se DNA onttrek en seep daarvan gemaak. Hy het homself daarmee gewas en agtergekom dat hy nie ouer word nie.

Vyf, vier, drie, twee, een terug by 2021 droom ons groot en ontdek nuwe denkrigtings in Afrikaans.